

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Ekumenies gereformeerd

Ons glo 'dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly'. Ons bely ook dat '... hierdie heilige kerk nie geleë [is], gebonde [is] aan of bepaal [is] tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar oor die hele wêreld versprei en verstrooi [is]. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.'

Die eenheid van die kerk van die Here Jesus Christus is in die eerste plek 'n gawe van God, maar gee ons ook die opgawe om dit in waarheid uit te leef.

Die Here het sy wil in verband met die kerk met Goddelike gesag in die Heilige Skrif meegedeel. Hy bou Self sy gemeente (Matteus 16:18). Hy ken sy skape (Johannes 10:14) en roep hulle by die naam (Johannes 10:3), 'een-een gebore uit die volkeskaar' (vergelyk Jesaja 43:1-8). Hy lei hulle uit en bring hulle saam tot één kudde (Johannes 10:16). Daarom is Hy ook bekend as die 'Opperherder' (1 Petrus 5:4; Hebreërs 13:20). Die Here Jesus beskerm sy hele kerk gesamentlik en sorg vir elke lidmaat

afsonderlik deur al die eeue heen en elke oomblik (HK, Sondag 21). Hy het immers belowe: 'Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matteus 28:20). Jesus het die woorde nie maar net vir sy elf dissipels bedoel nie, maar in hulle het Hy tot die hele kerk en al die lidmate van al die eeue gespreek wat deur hulle woord tot geloof sou kom (Johannes 17). Dit is aangrypend om te besef dat die Here Jesus oral en op alle plekke by sy kerk aanwesig is. Waar twee of drie in sy Naam vergader is, daar is Hy in hulle midde (Matteus 18:20).

Vir die opbou en versorging van sy gemeente gebruik die Here mense en allerlei instrumente en organe. Hy het vir sy dissipels beveel om heen te gaan en te preek (Matteus 10). Ook werk Hy self aktief en intensief in en deur hulle dienswerk. Paulus plant, Apollos maak nat, maar God laat groei en gee wasdom (1 Korintiërs 3:6).

Almal wat deur die Vader aan die Seun gegee is, wat deur Hom vrygekoop is, vorm 'n groot geestelike eenheid soos 'n menslike liggaam, waarvan al die gelowiges soos lede van een liggaam is (Romeine 12:5). Die ledemate het elkeen besondere gawes en roeping (Romeine 12:6; 1 Korintiërs 12:4-27), maar hoort almal soos een organiese

eenheid bymekaar, in harmonieuse samelewing met Christus as Hoof (Efesiërs 1:22-23; 4:16). So vorm al die plaaslike kerke reg oor die hele aarde 'n geestelike eenheid (Efesiërs 4:4-5). Die diepste eenheid van die onoorsienbare kerk van gelowiges oor alle eeue en alle plekke is geleë in die uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld (Efesiërs 1:3 e.v.). Die één onoorsienbare universele kerk van die Here bestaan eerste en primêr, voordat dit sigbaar, plaaslik, instutêr op verskillende plekke gestalte verkry.

Dit wil nie sê dat afsonderlike gestigte gemeentes almal as klein onderdeeljies van die groter geheel beskou moet word nie. Die Here het vir sy kerk op aarde nie streek, provinsiale, nasionale of ekumeniese ampsdraers gegee nie. Hy het vir haar voortgaande bestaan alleen plaaslike ampsdraers as ouderlinge en diakens, herders en leraars gegee. Die kerke is deur hulle gemeenskaplike geloofseenheid in Christus geestelik een, maar bestaan en funksioneer plaaslik, sigbaar almal selfstandig van mekaar. In Openbaring 1:12 sien Johannes nie één goue kandelaar nie, maar die Here loop tussen sewe sewe-armige kandelare deur wat los van mekaar op hulle eie staan en brand.

Tog is dit belangrik om daarmee

INHOUD

1 Redaksioneel
Ekumenies Gereformeerd

3 Skrifoorndenking
**'n Kinderhart, kinderoë en
kinderhande**
Dr AH Bogaards

5 Geskiedenis
**Oor die voorsienigheid van God
en die lyding van mense**
Ds J Mostert

6 In die koninkryk
Die see van glas - Openbaring 15
Prof VE d'Assonville

8 Persskou
• **Multikultureel op die
sendingveld**
• **Multikulturele kerkplanting**
• **Eenheid en verskeidenheid**
Ds GJ Meijer

rekening te hou dat 'n plaaslike gemeente nie die enigste plaaslike gemeente van Christus is nie; dieselfde geloofsgehoorsaamheid moet by almal aanwesig wees, omdat hulle almal op dieselfde manier aan Christus behoort.

Daar is sake van gemeenskaplike aard waar in geloofsgehoorsaamheid ander meganismes gebruik moet word om goeie onderlinge orde te reël. In Handeling 15 is geworstel met die vraag of heidene wat tot bekering kom, ook besny moet word. Afgevaardigdes van verskillende gemeentes is na Jerusalem gestuur om daar saam met die kerkraad van Jerusalem te vergader. Saam het hulle die Woord ondersoek en in geloofsgehoorsaamheid tot 'n besluit gekom.

Die uitroep van sogenaamde meerdere vergaderings was dus nie aanvanklik deel van die totstandkoming of voortbestaan van die kerke nie. Die nut en doel van die meerdere vergadering lê egter besonder daarin dat meerdere plaaslike kerke mekaar hierdeur bystaan om op 'n goeie manier as kerke voort te bestaan. Hieruit is die bekende stelling gebore dat kerkverband en meerdere vergaderings nie nodig is vir die wese, die bestaan van die kerke nie, maar wel vir die welwese, die goeie voortbestaan van die kerke.

Die Gereformeerde kerkbegrip is dus nie sinodaal nie, maar presbiteriaal. Dit gaan van die plaaslike kerk as die enigste voortgaande en permanente vergadering, as sigbare gestalte van die onoorsienbare en universele kerk van die Here Jesus Christus uit. Kerkverband in presbiteriale sin is nie 'n vaste institutêre struktuur nie, maar slegs 'n onderlinge hulpaksie, 'n kommunikasie-funksie en 'n reeks afsprake tussen plaaslike kerke. Hierdie afsprake in onderlinge verbondenheid is vir gelowiges uiters belangrik. Dit geld tussen gelowiges individueel, maar ook tussen ware kerke van Christus. Daarom moet ons die oproep van Paulus nougeset gehoorsaam: 'Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede'.

Ons belydenisskrifte asook die kerkorde het oor die loop van die eeue as 'n gemene akkoord tussen plaaslike kerke tot stand gekom, deurdat afgevaardigdes van die kerke (dikwels te midde van uiteenlopende sienings) saamgekom het om oor die korrekte siening van 'n saak te besin. Die Woord is ondersoek en daarvolgens is besluite oor die saak geneem wat op skrif gestel is.

Artikel 31 KO lui dat onderlinge afsprake voorwaardelik is – so het kerke dit met mekaar ooreengekom. As 'n buurgemeente dinge doen wat ten aansien van die Woord tugwaardig is, is dit ons ordelike afspraak dat erkenning en deelneming nie vas en nie bindend is nie, maar voorwaardelik, vermanend, volgens dieselfde praktiese stappe wat die Here Jesus in Matteus 18 gestel het vir die optrede tussen broeders.

Die woord 'kerkverband' kom nie in die Skrif voor nie. In die Ou Testament is die gedagte gevestig dat God sy koninkryk in en deur die volk Israel, die nageslag van Abraham, Isak en Jakob vestig. Tog was daar ook ander persone wat Hom gedien het. Ons lees van Job en sy drie vriende, van Jetro in die land Midian en van Melgisedek van Salem. Waar gelowiges mekaar ontmoet het was die eenheidsband wat hulle in die geloof met God gehad het die basis waarop hulle handeling met mekaar berus het. In die ontvouing van die Israelitiese volksgeskiedenis was hulle kultiese en seremoniële godsdienshandeling georden en het rondom die tabernakel en onder leiding van die Leviëte plaasgevind. As Ou Testamentiese kerkvolk het die Jode die gemeenskaplike kenmerk van die besnydenis gehad waarin hulle 'n geloofsband beleef het. Hulle het die wet en die profete en die verbond met God gehad en die gemeenskaplike verbondsgeskiedenis met mekaar gedeel.

Nadat die volk uit ballingskap teruggekeer het, het die sinagogepraktyk langsaamhand inslag gevind. Rondreisende Jode kon later in enige dorp by die sinagoge aandoen vir die gebruiklike daaglikse seremoniële praktyke. So is veral op die sabbatte uitgebreide liturgiese praktyke onderhou. Verskillende standaard-kenmerke het die band tussen die Jode op godsdienstige gebied gesmee. Hier word sorgvuldig beklemtoon dat die bloedband, taal

en kultuurband nie regstreeks in fokus is nie. Wat hier wel beklemtoon word is die beleving van kerkverband. Betreffende hierdie kerkverband gaan dit oor die geloofsband wat gelowiges, gesinne, families en sinagoges met mekaar onderhou het.

Ons kry die interessante samestelling van die dissipelkring van die Here Jesus. Onder hulle was daar Simon die Seloot, Levi die Tollenaar en Paulus die Fariseër. Tog was hulle almal later apostels. Daar is geloofsverband. Christus is die band van eenheid. Hierdie verband is ook later met kerkstigting te Jerusalem gelê. Jesus het die wêreldwye verband self gelê met die opdrag dat die apostels sy getuies sal wees tot aan die uiteinde van die wêreld. Al die nasies moet tot dissipels van Christus gemaak word. Hulle moet gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en hulle moet geleer word om alles te onderhou wat die Here Jesus beveel het. Op hierdie wyse kom daar verband, verbond, verbinding, binding met gelowiges wêreldwyd, in Christus een.

Die gemeente te Jerusalem is vervolg en in die hele hellenistiese wêreld verstrooi. Deur die sendingwerk van die apostels het gemeentes vanweë die verkondiging van die Here Jesus tot stand gekom. Waar daar gemeenskaplike knelpunte was, het hulle die briewe van die apostels aan mekaar gestuur. Die apostels het die Nuwe Testamentiese gemeentes net so oor verskillende gedrags- en leerstellige probleme vermaan as wat die profete die Ou Testamentiese kerk aangespreek het.

Ketters en dwaalleraars is effektief deur die apostels, en ná hulle ook die kerkvaders bestry (byvoorbeeld die skeurgroepe onder leiding van ketters soos Montanis, Arius, Pelagius en Donatus). Sommige het met hulle skeurgroepe self uit die gemeenskap van die kerke getree. Ander kere het die kerk die ketters uitgedryf en soms selfs tereggestel (byvoorbeeld Servette). Dit het soms gebeur dat persone onregmatig uit die kerk geweier is (Wicliff, Huss en Luther). Dan moes hulle noodgedwonge op ander plekke begin vergader.

Met die herstigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 te Rustenburg is lidmate deur die sinode gedwing om sekere praktyke

en leerstellige standpunte teen hulle gewetens en die Woord te aanvaar. Hulle is voor 'n ultimatum gestel om te konformeer of om uit die kerkverband te tree. Soortgelyk was die probleem met die Vrymaking in Nederland (1944). Kerke en individue is sinodokraties gedwing en in die gewetens gebind om bepaalde afwykende dogma te aanvaar. By weiering daarvan is hulle uit hulle ampte afgesit. Daar was by die vaders van die Vrymaking geen ander opsie oor nie as om gemeentes te stig, gesuiwer van die dwaalleer en kerklike dwinglandy. Ook hierdie hervorming het eers plaasgevind nadat die strydpad vir die 'reformatore' toegemaak is.

Sonder om nog verder op historiese voorbeelde in te gaan, is dit die bedoeling om 'n duidelike onderskeid tussen die reformatoriese vergaderende werk van Christus op die kerkverbandelike terrein te maak en 'n skismatiese en sektariese skeurmakery aan die ander kant. Herformasie van kerkverband mag slegs plaasvind wanneer die strydpad vir reformasiegesindes deur die kerk sodanig toegemaak en verhinder word dat hulle nie meer gesprek oor die sake van reformasie kan voer nie omdat die kerk self daardie gesprek afsny. Hiermee saam: herformasie mag slegs plaasvind wanneer die kerk die reformasiegesindes se gewetens met menslike voorskrifte bind en

dwing en hulle uit die amp afsit of uit die kerk afsny. Die valse kerk openbaar homself immers waar hy aan sy eie besluit meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God (NGB artikel 29).

As sommiges die band wat die Gees gegee het deurbreek (Johannes 15), mag ons nie met hulle daarin saamgaan nie. Ons behou die roeping om te vermaan en terug te roep. 'n Kerk mag egter nooit die geringste aanleiding gee dat sy iets doen om die onderlinge band van die eenheid van die Gees te versteur of te verskeur nie (Efesiërs 4:1-4). Hierdie band is onverhandelbaar kosbaar, omdat dit deur die Here self aan ons gegee is.

HLJM

SKRIFOORDENKING

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

'n Kinderhart, kinderoë en kinderhande

Lees: Psalm 131

Psalm 131 is 'n kort psalm; dit is maar net drie versies lank. Dit is 'n klein psalm, maar 'n klein psalm met 'n groot boodskap. Dit is 'n maklike psalm, maar 'n maklike psalm met 'n moeilike les. Die les wat ons in hierdie klaskamer van Christus leer, is dit: kinderlike afhanklikheid.

Om soos kindertjies te word - daarin is die hele christelike lewe saamgevat. Dit het die groot kerkvader Augustinus so goed begryp. Op 'n dag het hy gesê: As u my sou vra wat die reëls van die christelike godsdiens is, dan antwoord ek u: kinderlike afhanklikheid van die Here in die eerste plek, kinderlike afhanklikheid van die Here in die tweede plek, kinderlike afhanklikheid van die Here in die derde plek, en altyddeur kinderlike afhanklikheid van die Here.

Kinderlike afhanklikheid - dit het die manne van die Reformasie ook verstaan. Hulle het ons totale afhanklikheid van God saamgevat in die woord *alleen*: deur die Woord *alleen*, deur geloof *alleen*, deur genade *alleen*, deur Christus *alleen*, aan God *alleen* die eer. Daarmee wou hulle sê: Here, U alleen kan ons

verlos; U Woord alleen kan ons nuut maak; die ganse voortbestaan van die kerk is net in u hande alleen. Geloof was vir hulle: om hulpbehoewend hulle hande na hulle Vader uit te steek en te sê: Here, by U alleen is alles.

'n Kinderhart, kinderoë en kinderhande

In Psalm 131 is die groot Dawid, koning Dawid, aan die woord. Of laat ons liever sê: die klein Dawid, die kind Dawid. In vers 1 sê hy: 'o HERE, my hart is nie hoog en my oë nie trots nie; ook wandel ek nie in dinge wat vir my te groot en te wonderbaar is nie.'

Eers noem hy sy hart. Die Bybel weet hoe belangrik ons hart is. Daar begin alles. As ons hart reg is, is ons hele lewe reg. Ons het 'n kinderhart nodig om soos kinders te kan wees.

Vervolgens sê Dawid iets van sy oë. Ons oë weerspieël ons innerlike. In die Psalms hoor ons enersyds van trotse oë: Die HERE verneder die oë wat hoog is (Psalm 18:28). Andersyds lees ons ook van kinderoë, oë wat in kinderlike afhanklikheid na bo kyk:

'Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het' (Psalm 121:1-2).

Derdens sê Dawid: 'Ook wandel ek nie in dinge wat vir my te groot en te wonderbaar is nie'. Dan is hy by sy hande, by sy dade.

Dit is belangrik dat ons sal verstaan wat met 'wonderbaar' bedoel word. Met wonderbaar bedoel die Bybel: dit wat God doen, dit wat sy werk is. Dawid wil dus sê: Hy probeer nie bewerk en hy hou hom nie besig met dit wat God se werk is nie.

Kom ek verduidelik die wonderbare aan die hand van die lewe van Dawid. Die HERE het aan Dawid belowe dat Hy hom koning sal maak. Daarvoor sou die HERE self sorg. Die vervulling van sy beloftes is sy werk, nie die werk van Dawid nie. Hierdie belofte - dit is die wonderbare, dit is God se werk. Dawid het nie sy hande uitgesteek en Saul vermoor en so self gesorg dat hy koning word en dat God se belofte aan hom in vervulling gaan nie. Hy het dit in die hande van die HERE gelaat.

Die teenoorgestelde van kinderlike afhanklikheid is hoogmoed: om

met jou eie hande jou lewe te wil verseker; om met jou hande jou saligheid te wil verdien; om met jou hande jou toekoms veilig te wil stel; om met jou hande die voortbestaan van die kerk te wil waarborg. God sê egter: Hou jou hande tuis; hou jou hande uit God se sake.

Dit beteken natuurlik nie dat ons niks moet doen nie. Ons moet doen wat ons hand vind om te doen. Dit is egter iets anders as ons hande so besig is dat dit lyk asof ons dink dat alles van ons handewerk afhang. Ons kan so besig wees met ons hande en met ons hande so hiperaktief hier en daar gryp, dat daar geen ruimte meer is vir God in ons lewe nie en geen plek meer vir sy hand nie.

Die regte christelike ingesteldheid daarenteen moet wees: bid én werk. Of om die spreekwoord meer volledig aan te haal: bid en werk met vertroue. Die volgorde is so belangrik: Dit is eers bid en dan werk en nie omgekeerd nie. Dit is eers jou node in die hande van jou Vader lê - met vertroue. Kinderhande is dus eerstens en voor alles gevoude hande. Dan begin jy werk - met vertroue op God se Vaderhand, met die hulp van sy Vaderhand, onder sy seënende Vaderhand. Ons werk terwyl ons ons voortdurend in die gebed vasklem aan ons Vader en sy Woord en terwyl Hy ons regterhand vashou (Psalm 73).

Kinderlike vertroue kom nie vanself nie

Dawid het sy lewe in die hande van die HERE gelê, maar ons moet regtig nie dink dat daardie kinderlike oorgawe somer so vanself by Dawid gekom het nie. Intendeel, uit vers 2 kan ons aflei dat Dawid 'n stryd met homself gehad het.

Hy druk sy worsteling uit met die beeld van 'n kind wat gespeen is, dit wil sê 'n kind wat so ver gebring is dat dit nie meer aan die moeder drink nie. So 'n speningsproses gaan nie maklik nie. Intendeel, aan die begin skreeu die kind om die moederbors. Die kind is opstandig. Tog kom daar uiteindelik die stadium dat die kind weer kalm is en vol vertroue aan moeder se bors lê en weet: Moeder sál vir my sorg.

So het dit ook geestelik met Dawid gegaan. Hy wou eers self sorg dat alles regkom, maar hy het sy siel tot bedaring gebring en stilgemaak.

Soos 'n moeder die kind tydens die speningsproses tot bedaring moet bring en moet sus en moet stilmaak, so was Dawid met homself besig en het hy homself tot rustigheid gebring, tot rus en berusting en vertroue in God se heilige wil.

Hoe kom ons by hierdie punt? Hoe sal ons die skreeuende kind in ons stil kry? Hoe word ons verlos van ons opstandigheid? Hoe kry ons die kinderlike vertroue en oorgawe? Die geheim lê opgesluit in die woorde van vers 3: "Wag op die HERE, o Israel, van nou af tot in ewigheid!"

Die 'wag' in die Bybel, die hoop op die HERE (wat eintlik maar dieselfde is), is 'n heerlike woord. Dit is 'n woord wat gelaai is met sekerheid. In ons taal is dit nie so nie. As ek in Afrikaans sê ek hoop iets gaan gebeur, ek hoop dit gaan reën, sê ek eintlik daarmee: Ek hoop so, maar ek is onseker of dit ooit waar sal word. Met die Bybelse woord *hoop* of *wag* is dit nie so nie. Ons wag nooit tevergeefs op God nie. Ons hoop nooit verniet op die HERE nie. Op Hom kan ons altyd hoop en altyd staatmaak en altyd met vertroue wag op die vervulling van sy beloftes. Dit is presies wat Psalm 130 sê:

Hoop, Isr'el in jou klagte; vertrou, o volk, wat treur; sy guns verduur die nagte, sy heil breek eind'lik deur.

Die Bybelse hoop is gelaai met sekerheid omdat dit in die heilswerk van Christus gewortel is. Immers, in Hom is al God se beloftes ja en amen (2 Korintiërs 1:20). Kinderlike vertroue (hoop) het alles met Christus te make.

God sien soos wat Hy is: sy Vaderhart, sy Vaderoë, sy Vaderhande

Wag op die HERE - dit is die geheim tot kinderlike afhanklikheid.

Hierdie wag leer ons as ons God sien soos wat Hy is, soos wat Hy Hom aan ons openbaar: 'n Vader wat vir ons wil sorg en ook kan sorg, 'n Vader op Wie ons volkome kan vertrou.

Iemand het op 'n keer gesê: Aan die kruis kyk ons tot reg in God se Vaderhart.

Johannes (3:16) skryf: 'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het'. Dit sê alles.

In die Psalms hoor ons ook meermale van sy Vaderoë.

Dit is diep aangrypend soos Totius dit in Psalm 33:9 (berymd) verwoord:

Maar die HEER se oë straal met mededoë op wie, klein van krag, voor Hom stilverslae in hul donker dae op sy goedheid wag.

Wie 'klein van krag' is, 'n kind is, 'wag' nooit verniet nie, maar:

Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte en red hul siele van die dood.

Hy sorg vir hul by somerdroogte, in sware tyd en hongersnood (Psalm 33:10 berymd).

Hierdie arm van God is Christus (Jesaja 53:1 ev).

Die Psalms vertel verder van God se Vaderhande.

Die digter van Psalm 31 sien grypende vyandshande rondom hom, maar hy weet ook van ander hande: Vaderhande. Daarom vou hy sy hande en bid:

Ek gee my gees oor in u hande, my Redder, wat my trou in veil'ge hoede hou (Psalm 31:4 berymd).

Ons lewe uit eie hande en in sy hande - dit is die kinderhouding.

Dit is goed om ons oë op te slaan na bo, want dan sien ons ook die oë wat neerkyk van omhoog, die oë van ons Vader en watter oë, watter hande het Hy nie:

Milde hande, vriend'like-oë is by U van ewigheid (Psalm 25:3 berymd).

Hoe mild? Gaan kyk maar op Golgota.

'n Kinderhart, kinderoë en kinderhande - dit word geskep deur die evangelie van God se Vaderhart en Vaderoë en Vaderhande.

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel beplan om DV in die eerste helfte van die komende jaar 'n byeenkoms te hou. Nadere besonderhede sal later bekend gemaak word.

Oor die voorsienigheid van God en die lyding van mense

Waarom behoort christene die geskiedenis van die kerk ernstig op te neem? Is dit nie maar net 'n mors van tyd om steeds met vergange se dae besig te wees nie? Prof JH Bavinck¹ was daarvan oortuig dat die geskiedenis nie in die eerste plek gaan oor waarmee mense besig was nie, maar oor dit waarmee die Almagtige besig is. God gebruik mense in sy plan met sy kinders in hierdie wêreld. Mense val en staan op, hulle rig allerlei hindernisse teen die loop van die evangelie op, hulle is weer en weer teleurgesteld, sonder moed en krag, en hoor sy stem dikwels nie meer helder nie. Desondanks is die Almagtige met sy kinders in hierdie wêreld op weg na die voleinding.

Alhoewel Bavinck se opmerkings afgestem is op die geskiedenis van die sending, geld hierdie waarheid myns insiens net so vir alle christelike geskiedenis. In hierdie artikels maak ons vanuit hierdie grondliggende oortuiging grepe uit die algemene en die vaderlandse kerkgeskiedenis, die sendinggeskiedenis en veral uit die dogmageskiedenis sodat ons kan leer uit die dwaalweë van die verlede en in ons tyd kan bou op dit wat mooi was. My gebed is dat hierdie verkenninge in die daaglikse praktyk van christen-wees vir ons van waarde mag wees.

Die eerste vraag waaroor ons moet nadink het te doen met mense se swaarkry. Die vraag kry aan die begin van die een-en-twintigste eeu 'n nuwe dringendheid. Dit moet immers toegegee word dat daar oral in die wêreld ongelooflike lyding is. Ons kan dink aan natuurrampe soos die reuse gety golf wat verskeie lande in die Verre Ooste ongeveer 'n jaar gelede getref het met geweldige lewensverlies en beserings asook skade aan besittings en woonplekke. Daarby is daar lyding wat die gevolg is van wat mense mekaar aandoen. Hier bring ons in herinnering die gebeure van

11 September 2001 toe vliegtuie met opset in geboue in die VSA vasgevlieg is, met groot lewensverlies tot gevolg. Of ons sou kon dink aan die onlangse bomontploffings in die vervoernetwerk in Londen. Ons moet egter ook nadink oor die slagoffers van talle oorloë en opstande wêreldwyd. En oor verkragtings en misdaad en hongersnood om nou maar net 'n paar te noem.

Dit is die kwessie waarmee prof Adrio König hom onder andere al vir meer as 'n dekade bemoei het. Hy het skerp gereageer op die reeds genoemde terreuraanvalle in die VSA². Volgens hom is dit godslasterlik om te sê dat God dit so beskik het en maak dit Hom medepligtig om te beweer dat Hy dit net toegelaat het. König was reeds tevore oor soortgelyke uitsprake in die warm water. In een van sy onlangse boeke word hierdie standpunte breër uitgewerk (veral in hoofstuk VI)³. Later skryf hy nog 'n boek wat net oor hierdie vrae gaan⁴.

Vir Gereformeerdes in Suid-Afrika behoort König se standpunte 'n probleem te skep vanweë hulle lidmaatsgeloftes en die bevestigingsformuliere. Tog verkoop sy boeke flink en neem sy standpunte in die volksmond hand oor hand toe in sterkte van oortuiging.

Volgens artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis glo gereformeerde christene dat die Vader nou nog alles en almal wat Hy geskep het deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag onderhou en regeer. Hierby sluit die Heidelbergse Kategismus aan in Sondag 10, vraag 26, 27 en 28 waar dit duidelik as geloofsoortuiging gestel word dat die Vader alles wat Hy geskep het 'deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer' en dat Hy 'al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander'.

Verder dat 'alles ons nie per toeval nie maar uit sy Vaderhand toekom'. Ons baat daarby om so te glo, 'aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie'.

Wat dan van die kwaad en al die sogenaamde sinlose lyding? Ons glo wel dat die duiwels en bese geeste só ontaard het dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is (artikel 12 NGB), maar ons glo en bely daarby (volgens artikel 13) 'dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie', maar 'alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader oor ons kom' en dat 'Hy die duiwels en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie'. Verder as dít weet of verstaan ons nie. Ons wil nie 'nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; intendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is'. Daarom is ons 'tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry'.

Natuurlik glo alle mense nie so nie. Heyns het al aangetoon dat die leer van die Bybel oor die voorsienigheid nie iets is wat heidene kan ken of bely nie. 'Die belydenis van Gods voorsienigheid is deur en deur 'n geloofsdaad ... Die voorsienigheid is nie bloot 'n ponering van die bestuur van God wat ook deur heidene geken en bely kan word nie'⁵.

Calvyn het aansienlike tyd spandeer om filosofie se sienings hieroor te weerlê⁶. Vandag woed die debat in die kringe van die filosofie en die filosofiese teologie voort. Daarmee behoort daar nie 'n probleem te wees nie. Die teologie en die kerk

sal moet kennis neem van hierdie voortgaande gesprek en ook daaraan moet deelneem.

Gereformeerdes in Suid-Afrika en wêreldwyd behoort dit egter te doen vanuit die oortuiging dat die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, uitgedruk staan in die Formuliere van Eenheid (NG Kerk se Kerkorde, artikel 1). Dit is die basis van die eenheid in die kerk!

Wie homself daarteenoor opstel mag baie interessante sienings daarop nahou, maar moet verwag om daarvoor tot verantwoording geroep te word. Die kerklike opsig en tug gaan immers oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate. Alles wat teen die Woord van God en die belydenis van die kerk indruis, word as tugwaardige sondes geag. Elke lidmaat, insluitend die ampsdraers, het hom/haar daartoe verbind.

Gedurende die negentiende en twintigste eeue was daar 'n intense stryd rondom die belydenis in die kringe van die Nederlandse Hervormde Kerk. As gevolg daarvan vind die Afskeiding (in 1834) en die Doleansie (in 1886) plaas. Later volg die Vrymaking (in 1944). In die kerke wat daaruit voortgekom het is met groot erns gewaak oor die erkenning van die gesag van die belydenisskrifte omdat hulle ooreenstem met die Skrif (my beklemtoning). Hierdie streng

handhawing van die bindende gesag van die belydenisse word reeds vir 'n geruime tyd al hoe meer afgeswak.

Kerke met 'n gereformeerde grondslag mag nie vrysinnig wees nie; leervryheid kan nie geduld word nie. Die gees van vrysinnigheid wat sedert die agtiende eeu veral in Europa vaardig was, kom egter reeds vir 'n geruime tyd ook in ons land al meer na vore. Daardeur word die gesag van die belydenisskrifte grondig ondermyn en die gesag van die Skrif sterf toenemend 'n dood van duisende kwalifikasies. Jonker het sy kommer hieroor al in 1994 so gestel: 'Hoewel die gesprek oor die betekenis van die belydenisskrifte in ons land nog nie op die voorgrond getree het nie, is mens daarvan bewus dat die belydenisse nie altyd in die kerklike lewe funksioneer soos dit die geval behoort te wees nie. Onbekendheid met die belydenisskrifte en 'n bepaalde bevooroordeeldheid daarteen kom by baie lidmate voor'⁷.

Omdat lesers waarskynlik ook prakties te make het met vrae in die siekekamer, by die oop graf of wanneer hulle deur die media daaraan blootgestel word, het dit dalk tyd geword om weer duidelikheid te kry oor wat die Skrif en die belydenis hieroor leer - veral omdat hierdie leer in ons eie tyd ernstig bevraagteken word. In die daaglikse omgang staan

'n mens toenemend verbysterd oor die verskuiwings in mense se denke ten opsigte van hierdie belangrike kwessies. Daarom moet ons saam ondersoek doen oor die beskouings van Adrio König in die verband. Daarvoor meer in 'n volgende artikel.

¹ Bavinck, JH 1954. *Inleiding in de Zendingswetenschap*. Kampen: JH Kok N.V., Deel III, p 273 e.v.

² *Die Kerkbode*, 21 September 2001. Waar was God? p 1.

³ König, A 2001. *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra: 'n verwysingsgids vir elke huis*. Wellington: Lux Verbi. BM.

⁴ König, A 2002. *God, waarom lyk die wêreld so? Kan ons sê: "God is in beheer"?* Wellington: Lux Verbi. BM.

⁵ Heyns, JA 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal. Hoofstuk 7, p 144.

⁶ Simpson, HW (vertaler) 1984. *Institusie van die Christelike godsdiens, deur die skrywer Johannes Calvyn*. Boek I, hoofstuk 16, bladsy 302 e.v.

⁷ Jonker, WD 1994. *Bevrydende waarheid: die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenote-uitgewers, p 152 e.v.

IN DIE KONINKRYK

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Die see van glas - Openbaring 15

Die psalms waaruit ons dáár sal sing

In Openbaring 15 vers 2 en 3 lees ons 'n aangrypende ding: 'Ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam ... '.

Eeue en nogmaals eeue wag ons op hierdie dag: die finale oorwinning oor die Antichris! Dit is die kerk se groot fees. Die liedere wat ons sal sing, word presies genoem: die lied van Moses en die lied van die Lam.

Die lied van Moses

Ons vind hierdie lied in Eksodus 15. Israel sing dit op die oostelike oewer van die Rooisee. Wat 'n aangrypende

oomblik. Agter die volk lê 'n bange tyd – 400 jaar van slawerny in Egipte. Hulle is vreeslik verdruk en moes swoeg en sweet. Hulle rûe het krom gebuig onder die sweeplae van Farao se slawedrywers. In die laaste verse van Eksodus 2 lees ons hoe hulle voor God gekerm het. Dit was 'n ontsettende lyding vir eeue lank. Op die end, toe Moses gebore is, het Farao Israel se kinders in die Nyl gegooi sodat hulle geen nageslag sou hê nie. Dit was Satan se plan

dat die Messias nie uit Israel gebore sou word nie. Faraó is beeld van die Antichris in die Ou Testament. Hier op die walle van die Nyl het die draak van Openbaring 12 alreeds gereed gestaan om die Messiaskind wat gebore sou word, te verslind.

Maar die HERE, die God van die verbond, het ingegryp. Só staan dit in Eksodus 2:24: Hy het gedink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. Toe roep Hy sy kneg Moses om sy volk uit die slawehuis uit te lei. As Faraó nie wil luister nie, bring die HERE plaë en gerigte. Aan die einde van hierdie plaë gee hy aan hulle die teken van die paaslam wat heenwys na die ewige Paaslam, Jesus Christus, wat sy volk vir ewig van die magte van Satan sou verlos.

Toe het God een van sy grootste wonders in die geskiedenis gedoen: Hy het die Rooisee gekloof sodat sy volk van Faraó en sy magte gered word. Dan, as die see hierdie duiwelse leërmag verswelg het, sing die volk die lied van Moses: 'Ek wil sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiters het Hy in die see gewerp. Die HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword' (Eksodus 15:1-20).

Ook Mirjam, die profetes – só noem die Skrif haar in vers 20 – het in 'n refrein al singend geantwoord: 'Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiters in die see gewerp' (vers 21). In die woorde van die oorwinnaars van die dier (die Antichris) van Openbaring 15: 'Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige ...' (vers 3).

Die lied van die Lam

Hierdie lied is die lied van die ewige Paaslam, Jesus Christus. Paulus noem Hom 'ons Paaslam wat vir ons geslag is' (1 Korintiërs 5:7). Die apostel Petrus skryf dat ons losgekoop is deur die kosbare bloed van Christus 'soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos' (1 Petrus 1:19). In die laaste nag van Jesus se lewe voor sy kruisdood, met die Paasfees, toe Hy die Heilige Nagmaal ingestel het, het Hy saam met sy dissipels die psalms van die Paasliturgie gesing (Psalms 113 tot 118). Die laaste, waarvan ons in Matteus 26:30 lees, was 'die lofsang', naamlik Psalm 118.

Die paaslam op die tafel wat hulle herinner aan die redding uit Egipte en die veilige deurtog deur die Rooisee, gaan dan oor in die ewige Paaslam van Psalm 118 wat geoffer word:

*Die HEER, die God van ons betroue,
Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue
en lei dit na die altaar heen
(Psalm 118:13, berymd).*

Moses se lied en die lied van die Lam dieselfde

Die opmerklike is dat ons egter nie twee afsonderlike liedere het nie, maar één lied wat in Christus vervul is (S Greijdanus in sy verklaring van die boek Openbaring). In wese is dit Christus wat die volk Israel verlos het en so het die Lam hierdie lied aan die oorwinnaars oor Faraó en sy leërmag gegee. Die lied van Moses in Eksodus 15 is profeties van die lied van die Lam in Openbaring 15. Die grootheid en die wonder van God se verlossing van die mens uit genade word op 'n aangrypende manier beskryf. Die HERE, die Verbondsgod, is Koning van alle volke en dit besing die heerlikheid en lof aan Hom in die groot heil.

Moses se lied deur die psalms herhaal

Dit is een van die mees opvallende dinge wat ons by 'n studie van Moses se lied in Eksodus 15 vind: Dele hiervan word letterlik weer deur die psalms herhaal. Dit word in die volgorde van die lied aangedui:

- Eksodus 15:2 'Die HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword'. In Psalm 118:14 word hierdie woorde weer letterlik aangehaal. Jesus het dit saam met sy dissipels by die instelling van die nagmaal gesing (Matteus 26:30); ook vers 21: 'my tot heil geword'
- Eksodus 15:4 'Hy het Faraó se strydwaens en sy leërmag in die see gewerp'. In Psalm 136:15 lees ons: 'En Faraó saam met sy leë in die Skelfsee gestort'.
- Eksodus 15:5-13 kom ooreen met Psalm 77:14-21.
- Eksodus 15:6 'o HERE, u regterhand is verheerlik deur krag. U regterhand, o HERE, verpletter die vyand', vind ons letterlik terug in Psalm 118:16.

• Eksodus 15:8 'Deur die geblaas van u neus het die waters hulle opgestapel'. In Psalm 18:16 word die HERE se daad met die Rooisee beskryf. Dan word die woorde van Eksodus 15:8 oor 'die geblaas van u neus' opnuut gebruik as die wind wat die waters gekloof het. In vers 10 word gesê: 'U het met u asem geblaas: die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters.'

• Eksodus 15:8b sê: 'die strome het bly staan soos 'n wal'. Psalm 78:13 wat dieselfde geskiedenis beskryf, haal hierdie woorde letterlik aan.

• In Eksodus 15:11 sing Moses: 'o HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dae, een wat wonders doen?' In Psalm 77:14,15 besing ons vandag nog dieselfde waarheid in die kerk: 'o God, u weg is in heiligheid. Wie is 'n groot God soos God? U is die God wat wonders doen.'

• Eksodus 15:17: 'U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o HERE, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die heiligdom wat u hande gestig het'. In Psalm 80:9-11 word dieselfde belofte in Moses se lied nog duideliker en in meer besonderhede beskryf: 'n Wingerdstok het U uitgetrek uit Egipte; U het die nasies uitgedrywe en hom geplant ...' Van presies dieselfde waarheid sing die gemeente ook in Psalm 44:3.

• Eksodus 15:18 verkondig God se heerskappy vir ewig: 'Die HERE sal regeer vir ewig en altyd'. In Psalm 10:16 word dieselfde belofte gegee. Ook 'n troos vir die ootmoediges. In die 1936-beryming word dit so lirieks beskryf:

*Die HEER is Koning, ewig en altyd:
geen heidendom of 't moet voor Hom
vergaan.*

*Maar die geroep hoor Hy goedgunstig
aan
van wie ootmoedig op sy bondstrou
pleit.*

Mirjam en die vroue se antwoord

Waaroor gaan dit in die lied van Moses? Ons vind dit in die openingswoorde van die lied en Mirjam en die vroue se refrein wat

hulle herhaal: 'Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp' (verse 1 en 21).

Dat God se vyand vernietig word! Daarvoor gaan dit in die stryd op aarde. Dat Satan, die HERE se groot teenstander oorwin word! Dat al die duiwelse magte finaal in die poel van vuur gewerp word! (Openbaring 19:20b)

'Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp!' Daarvan sing Moses en Israel by die Rooisee. Daarvan sing 'die oorwinnaars oor die dier' (die Antichris) by die see van glas. Daarvoor word stukke uit die Psalms herhaal, onder andere Psalm 10, 18, 44, 77, 78, 80 en 118. Hierdie lied loop uit op die groot Halleluja-lied van Openbaring 19 nadat die Antichris se stad Babilon geval het.

Ook die doopformulier kom in perspektief

By elkeen van ons se doop is dit van die kansel gehoor. By elkeen van ons eie kinders wat ons na die doopbak gedra het, het ons saam met die

gemeente gebid: 'U wat die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee laat verdrink en u volk op droë grond daardeur gelei het – waardeur die doop afgebeeld is ...' Dit profeteer die finale oorwinning oor die Antichris en ons staanplek by die see van glas – die dag as ons die lied van Moses en die Lam sal sing; as ons ook nog vandag uit baie van ons psalms in die kerk hier op aarde sing. Hier ontmoet die liturgie van die kerk op aarde die liturgie van die hemel – in ons psalmsang! Ons sing Psalm 136:13 berymd:

*Farao met sy leër word
in die diepte neergestort;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!*

Die HERE se goedertierenheid duur tot in ewigheid. Deur die geloof sing ons:

*Toe sien ek soos 'n see van glas,
deurstraal met geel-rooi vlammeilig.
En die oorwinnaars van die dier –
hul wat nie voor sy mag wou swig –
het langs die see van glas gestaan,
en daar was sifers in hul hand.
Hul het gesing soos Israel
gesing het aan die Skelfseestrand*

(Skrifberyming 37:1; beryming Openbaring 15:2-3).

Ons Gereformeerde vaders het dit nie uit hulle duim gesuig toe hulle die pad van Israel deur die Rooisee met ons doop verbind het nie. Hulle het hulle Bybels gelees en geluister wat Paulus geskryf het dat 'ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoopt is in die wolk en in die see ...' (1 Korintiërs 10:1-2).

Sacra Scriptura sui ipsius interpres

Hier het ons die belangrikste beginsel van die regte eksegesië (Skrifverklaring): Die Heilige Skrif verklaar homself. Ons het dit by die Hervormers van die 16de eeu geleer. Die Latyn hierbo gee hulle oorspronklike uitspraak. Openbaring 15 verklaar Eksodus 15. Eksodus 15 lei ons na die Psalms. Ons kom agter uit watter Psalms ons by die see van glas as oorwinnaars oor die Antichris sal sing.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Multikultureel op die sendingveld

In 'n vorige Persskou (*Waarheid en Dwaling*, Julie 2005) is aandag gegee aan 'n sendingkonferensie wat op 18 en 19 Maart 2005 by die Gereformeerde Kerk Rietvallei gehou is. Na afloop van die konferensie is die 'Rietvallei declaration on mission and the RCSA' uitgereik. In 27 punte word uiteengesit hoe die konferensie die kerke se sendingtaak in 2005 sien. In die verklaring word die klem deurgaans op die noodsaak van suiwer bediening van die Woord gelê. Deur Woordbediening roep God diegene wat tot nou toe in duisternis leef na Hom toe.

In die verklaring word onder andere

ook gepleit vir 'n multikulturele aanpak op die sendingveld. Die kerk as 'n multikulturele liggaam moet die sendingopdrag nakom.

Punt 3 van die Verklaring lees (vry vertaal) soos volg: *Ons verstaan dat die kerk God se sendingvolk is. Alle lede van die multikulturele liggaam van Christus neem deel aan God se missie in die wêreld, waarby gebruik gemaak word van hulle onderskeie gawes wat deur die Heilige Gees vir die bevordering en realisering van God se koninkryk gegee word. Dit is in besonder die plaaslike kerk wat geroep is om God se sending-agent in sy onmiddellike omgewing en*

gemeenskap te wees.

Punt 22 van die Verklaring sluit daarby aan: *Ons bevestig dat ware ekumeniese eenheid oor etniese, taal, nasionale en geografiese grense heen wesenlik is vir effektiewe sending. Daarom beywer ons ons daarvoor om hande te vat met almal wat met ons deel aan die ware geloof in Jesus Christus, sodat ons ons gemeenskaplike sending-roeping kan vervul.*

Uiteraard is dit onmoontlik om in 'n verklaring, veral in 'n verklaring van hierdie aard, alles te sê wat oor so 'n groot en omvangryke saak

gesê kan word. Die verklaring is 'n samevatting van vele gedagtes wat tydens die konferensie uitgespreek is. Tog is dit noodsaaklik om oor die reikwydte en praktiese implikasie van genoemde twee punte verder te besin. Ons leef immers nie in 'n lugleegte nie. Wanneer die woord

multikultureel gebruik word, word die aandag noodwendig gevestig op 'n saak wat by Nasionale Sinode 2006 oor hergroepering van die kerkverbande (indeling van klassisse en sinodes) gaan dien. 'n Mens dink ook noodwendig aan die jarelange debat wat in hierdie verband in

die NG Kerk oor die verhouding tussen die verskillende susterskerke in die groot NG Kerk-familie gevoer word. Daarby kan ons veranderende samelewing met die pleit vir die skep van 'n reënboognasie nie uit die oog verloor word nie.

Multikulturele kerkplanting

In *Die Kerkblad* van Augustus 2005 skryf dr Etienne Schalekamp 'n artikel wat op die twee punte in die Rietvallei-verklaring betrekking het. Onder die opskrif 'Ons moet hande vat met ander gelowiges en kerke' begin hy deur te verwys na drie uitsprake wat in die jongste tyd gemaak is.

- In 'n vraag van die redakteur van *Die Kerkblad* aan dr. Bingle Kruger (*Die Kerkblad* Jan. 2005) oor die toekoms van die GKSA antwoord hy: "Die GKSA sal waarskynlik afneem in getalle solank daar alleenlik of grotendeels op blanke Afrikaanssprekende lidmate gefokus word vir eie voortbestaan ... Die Gereformeerde bediening van Gods Woord mag nie binne of buite ons land van taal of kleur afhanklik gehou word nie."
- In sy afskeidspreek in Wapadrand enkele maande gelede sê dr. Klasie Heystek onder andere: "Die algemeenheid/katolisiteit van die kerk as bestaande uit alle volke, tale en nasies het ons nie verwerklik nie (hoewel dit in ons waardes ingeskryf is) ... Die diversiteit van die koninkryk behoort binne een plaaslike gemeente sigbaar te word ... 'n Algemene/katolieke kerk vertoon die gekome ryk eenvoudig net baie sterker en vollediger as 'n nie-katolieke kerk."
- Ds. Pieter van der Walt (*Die Kerkblad* Jun. 2005) sê: "Omdat ons deel is van Afrika sal ons wyer moet kyk en nuut moet dink en bestaande geleenthede wat braak lê, aangryp en ontgin. Ons moet gehoorsaam wees aan ons opdrag ..."

Dr Schalekamp skryf na aanleiding van hierdie uitsprake, asook na aanleiding van veranderinge in die

demografie van tradisioneel blanke woongebiede:

... die bevolkings- of dan kulturele transformasie wat in stedelike gebiede plaasvind bied 'n geweldige groot uitdaging aan die kerk. Ons kan nie wegstroom van vroeë geskiedenis van die kerk kers gaan opsteek oor hoe die kerk sy roeping moet verstaan en uitleef nie? Hierdie antwoord kry ons inderdaad in Efesiërs, Openbaring en die Belydenis van Nicea.

Oor die roeping van die kerk volgens die Woord skryf dr Schalekamp:

Die kerk kan sy roeping net reg verstaan as hy dit ondersoek vanuit die *missio Dei* ('*missio*' is gestuur of sending; '*Dei*' dui op die Drie-enige God wat sy Seun en die Heilige Gees na die wêreld gestuur het om die ganse skepping te vernuwe). God is 'n sendende God wat die kerk in aansyn geroep het en hom die wêreld ingestuur het op God se sending. Daarom praat ons van die kerk as die *missiones ecclesiae* (die kerk wat gestuur is). Jesus bid in sy Hoëpriesterlike gebed: "Soos U My na die wêreld gestuur het, het Ek hulle (die kerk) ook na die wêreld gestuur" (Joh 17:18; vgl. ook 20:21).

Dit is God wat sy kerk die wêreld instuur om as gestuurde gesant sy boodskap te verkondig.

Die *missio Dei*-gedagte maak nie uitreike van individuele sendelinge wat deur gemeentes gestuur word minder belangrik nie, maar wil die

wete tuisbring dat die gemeente sêlf gestuur word. Die kerk kan sy roeping as liggaam van Christus alleenlik uitleef wanneer hy homself sien as draer van God se sending. Die kragtigste vernuwings, opbou en skep van nuwe moontlikhede in die kerk kan 'n werklikheid word deur missionêre vernuwings, omdat dit altyd te doen het met die wese van die kerk se roeping. Aan die een kant moet die kerk homself sien as die eksklusiewe draer van die boodskap van verlossing en aan die ander kant moet hy homself sien as die illustrasie, in woord en daad, van God se betrokkenheid en sy liefde vir en in die wêreld.

Dit kan om hierdie rede nie anders nie as dat elke faset van 'n gemeente se bediening (eredienste, pastorale sorg, katechese, kleingroepe, dienswerk, ens.) ingerig moet word met die wete dat hyself na die wêreld gestuur word. Al die bedienings van die kerk behoort te fokus op die opbou en toerusting van gelowiges om hulle self op te bou in die geloof, sowel as om medegelowiges toe te rus om mense in die gemeenskap waarin hulle staan te bereik. Dit was kenmerkend van die werk van die Heilige Gees ten tye van die vroeg-Christelike kerk in Handeling. Die Gees het in die dissipels se harte gewerk om die kerk tot stand te bring, maar terselfdertyd in die harte van hulle buite die kerk, sodat die evangelie hulle kon bereik.

Dit is te verstane dat die missionêre roeping van die kerk, soos hierbo saamgevat, bepalend sal wees vir die verstaan van die kerk se identiteit. Elke maatskappy of organisasie omskryf sy kernwaardes (identiteit) om sy eie funksionering beter te verstaan. Dieselfde is waar van die kerk. Sedert 381 nC is die omskrywing van die kerk

se identiteit (ook genoem merktekens) aanvaar, soos in die Belydenis van Nicea verwoord as: Een, heilige, katolieke (algemene) en apostoliese kerk.

Ons Gereformeerde vaders (Luther, Calvyn, ens.) het tydens die Reformasie nie hierdie formulering van die kerk se identiteit verwerp nie, maar gepoog om daaraan 'n dieper inhoud te gee. Hulle formuleer die identiteit van die kerk as: suiwer Woordbediening, suiwer bediening van die sakramente en toepassing van die tug. Met hierdie formulering word nie fout gevind nie, maar dit word aangetoon dat hierdie formulering van die kerk sy identiteit na binne gefokus het en hom ontnem het van sy missionêre gerigtheid. Dit terwyl die merktekens volgens Nicea missionêre gereedskap is wat ontstaan het in die missionêre tydvlak van die geskiedenis.

Herontdekking en 'n kreatiewe ontginning van die vier merktekens volgens Nicea sal weer die missionêre krag in ons kerkwees terug plaas. Die vier merktekens se fondament lê vierkantig in die Bybel. Nie net kan die merktekens van Nicea aangetoon word as vier belangrike pilare van die brief van Paulus aan die Efesiërs nie, maar in die evaluering van die sewe gemeentes in Openbaring 2 en 3 funksioneer hierdie merktekens ewe sterk.

Die vier merktekens (identiteit of kernwaardes) in aksie kan soos volg opgesom word:

- Die een kerk van Jesus Christus moet gesien word as 'n verenigende krag in die wêreld (Ef 4:1-16). Jesus Christus as Hoof van die kerk staan in die sentrum van eenheidsbeleving. Hierdie eenheid vind sy uitdrukking in die konkretisering van die krag en liefde van God. Die hart van die evangelie handel oor wat met hierdie liefde gedoen word:

- Dit is die liefde wat die wêreld kan red en heelmaak.
- Dit stel mense in staat om mekaar lief te hê en te vergewe.
- Die liefde waarin die eenheid gestalte kry wys die duidelikste in hoé gelowiges met mekaar en ander kinders van God omgaan.
- Gelowiges moet hulle wat uit die wêreld oortuig word van Christus se versoening (ongeag kulturele oriëntasie) inbring as deel van die nuwe eenheid wat besig is om in die kerk te realiseer.

Eenheid as merkteken verseker dat die

kerk altyd 'n suigkrag is van God se kinders uit die wêreld.

- Heiligheid as merkteken is 'n transformerende krag van die Hoof Jesus Christus in die wêreld (Ef 1:1-14; 3:14-21; 4:17-5:5; 5:6-6:20). Heiligheid as lewensbeginsel van die nuwe lewe moet uitgebou word in sy tweekantigheid:

- Die transformerende krag wat heiligheid vir die gelowige se persoonlike spiritualiteit het hou in dat daar 'n totale herrangskikking kom van sy lewensprioriteite en waardes. Dit is 'n lewenslange proses van afsondering en lewensvernuwing.
- Die transformerende krag het ook gemeentelike implikasies wat voortdurend aandag moet kry. Dit hou in 'n toewyding aan die wêreld en aan die gewone lewe wat uitdrukking vind in gelowiges se betrokkenheid by sake van die dag op hulle persoonlike leef- en werkerreine, politiek, sosiale lewe en ontspanning. Daar is 'n sterk verband tussen die lewe van die gemeente en hoe elke "nuwe mens" die liggaam van Christus verteenwoordig in die wêreld. Hoe elke lid van die liggaam in die samelewing leef, spanning tussen verskillende bevolkingsgroepe oplos, die nood van mense met MIV/vigs hanteer, 'n kultuur van geweld en korrupsie aanspreek, die nood van armoede en werkloosheid verlig, standpunte in politiek inneem, die omgewing bewaar en sport beoefen reflekteer op die liggaam van Christus in die wêreld.

Heiligheid as merkteken plaas gelowiges en die wêreld voor die erkenning van die allesoorweldigende heiligheid van God.

- Katolisiteit as merkteken van die kerk is 'n versoenende krag van die Hoof Jesus Christus in die wêreld (Ef 3:1-6). Die katolieke kerk kan nie sy universaliteit laat inperk deur eksklusiwisme – of dit van sosiale, ekonomiese, ras- geslags-, kulturele of nasionalistiese aard is nie. Daarom moet en kan:

- alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse, en geslagte skei deur versoening oorwin word en gestalte kry daarin dat die gemeente se deure oop is vir alle soorte mense.
- Christene hulle daartoe verbind om alle lewe wat God geskep het

te waardeer en nie net dié van mede-Christene nie. Negatiwiteit en skeptisisme oor ander mense wat nie Christene is nie moet in die harte van gelowiges oorwin word om uiteindelik lofwaardige getuienis vir Christus se versoening te wees. Die blote feit dat alle volke/tale/nasies tussen mekaar werk en woon is 'n heerlike uitdaging vir die katolieke kerk.

Katolisiteit as merkteken skep die ruimte dat alle gelowiges wat saam woon, werk en leef saam kan aanbid en die Here kan dien en dit vir die wêreld makliker maak om te glo in die Koning van die kerk.

- Apostolisiteit as merkteken van die kerk is 'n verkondigende krag van die Hoof Jesus Christus in die wêreld (Ef 3:7-13). Daarom neem die kerk in sy handeling die getuienis van die Woord as:

- finale maatstaf en bron van waarheid vir die kerk en sal dit bly lees, bestudeer en daaruit lewe.
- verkondiging oor alle kultuurgrense heen. Die Woord is die enigste maatstaf waarteen tradisies van gelowiges ernstig opgeneem word as die terein waarbinne nuwe inhoud aan kulturele eienskappe van mense gegee word, sonder om gewortelde tradisies, wat die toets van die Skrif kan weerstaan, weg te maak. Dit word eerder gevul met nuwe inhoud wat almal kan waardeer.

Apostolisiteit as merkteken bevestig dat slegs die Woord dié bronriglyn kan wees vir persoonlike lewens, asook dié bemiddelaar van alle kulture en tradisies.

Elkeen van hierdie vier merktekens omskryf die kerk se identiteit (kernwaardes) as missionêr in sy wese. In die proses van gemeente-opbou of stigting van nuwe multikulturele gemeentes word hierdie identiteit (kernwaardes) verder gekonkretiseer in wat bekend staan as die kerk se vier basiese bedienings.

Basiese doelwitte vir bediening kan nou verder gekonkretiseer word deur: kerugma (prediking, evangelisering en onderrig in al sy fasette); leitourgia (alle aanbiddingsgeleenthede van die gemeentes); koinonia (waar gelowiges onderlinge gemeenskap beoefen en sorg neem vir mekaar en ander); diakonia (waar gelowiges diensbaar is in die kerk sowel as in die gemeenskap).

Dr Schalekamp sluit sy artikel af deur enkele praktiese lyne te trek:

Indien die wese van ons kerklike bestaan reeds voldoen het aan sy missionêre roeping (*missiones ecclesiae*) sou die kerk self al gaandeweg getransformeer het. Ons weet dit is nie die geval nie. Dis egter nie te laat om daarmee te begin nie. Maar hoe? Hoe reformeer 'n kerk wat in al sy bedienings net na binne op homself gerig is? Ons sal saamstem dat dit nie 'n proses is wat oornag kan plaasvind nie.

Ons, as Gereformeerde Kerke wat getrou wil wees aan ons Bybelse roeping, kan egter nie langer wag om ons ekklesiologiese (verstaan van ons roeping) vertrekpunte reg te stel nie. Om die oorgang te vergemaklik van nou af totdat ons weer getrou kan funksioneer volgens ons roeping en ons kerke weer 'n weerspieëling kan wees van die konteks waarbinne ons leef is die enigste antwoord multikulturele kerkplanting.

In die gebied waarop hierdie navorsing gerig was verklaar tussen 86.3% en 93.7% gelowiges hulle bereidwillig om in 'n multikulturele konteks te funksioneer.

Die navorsing was verder daarop gerig om 'n onderhandelingsmodel daar te stel om deur middel van 'n proses van

“interkulturasie” (al die kulture kry geleentheid om hulle uniekhede en Godgegewe gawes en eienskappe te gebruik) nuwe gemeentes te ontwikkel.

In hierdie model word die merktekens (as kernwaardes) en die bedienings (as doelwitte) ontwikkel ...

Kan ons as Gereformeerde Kerke toelaat dat die ryke erfenis wat ons ontvang het en ons geskiedenis van reformasie deur die Woord verlore gaan in die unieke tye waarin ons leef? Is dit nie nog altyd kenmerkend van die Gereformeerde Kerke dat hulle diep kan delf in die Woord om God se wil vir unieke omstandighede te soek nie? Ons moet op ons knieë boer om seker te maak dat ons van God die regte antwoorde kry vir die tyd waarin ons leef.

Die ware kerk van die Here kan nie laer trek nie. Hy moet soos sout die wêreld ingaan en soos 'n lamp helder skyn in die wêreld. Ons moet hande vat met ander gelowiges en kerke sodat ons 'n sigbare manifestasie van God se genade in die wêreld kan wees.

Die hooflyn van dr Schalekamp se gedagtegang kan soos volg weergegee word:

- Sendingwerk is nie net die werk

van sendelinge nie, maar van elke gemeente.

- Die sendingtaak van die kerk lê opgesluit in haar merktekens: haar eenheid, heiligheid, katolisiteit, en apostolisiteit.
- Die merktekens van die kerk wis alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse, en geslagte van mekaar skei uit.
- Deur versoening word grense oorwin en die gemeente se deure vir alle soorte mense oopgemaak.
- In die proses van gemeente-opbou of stigting van nuwe multikulturele gemeentes moet daar besondere aandag aan 'n lewe uit die versoening gegee word.
- Dit word gedoen deurdat die kerk in haar vier basiese bedienings - te wete kerugma, leitourgia, koinonia en diakonia - op die kultuurverskeidenheid van die gemeente fokus en dit verreken.
- Om die doelwit te bereik, sal 'n proses van interkulturasie gevolg moet word. Interkulturasie beteken dat al die kulture geleentheid kry om hulle uniekhede en Godgegewe gawes en eienskappe te gebruik en in die nuwe gemeente te ontwikkel.

Eenheid en verskeidenheid

Ongeveer 45 jaar gelede het prof WJ Snyman oor dieselfde saak besin en gepubliseer. In die boek *Nuwe en Ou dinge* verskyn 'n artikel onder die titel 'Rasseverhoudinge in die Nuwe Testament en die Kerk' (p 298 vv).

Enkele grepe word uit die artikel weergegee:

Johannes sien konings en nasies hulle heerlijkheid en eer bring in die nuwe Jerusalem (Openbaring 21:24, 26), d.i. hulle kultuurgoedere, elke nasie sy eie. Die kultuur van 'n nasie is sy heerlijkheid en eer, nie tot selfverheerliking nie maar tot verheerliking van God. Die natuurlike lewensverbande is dus nie maar middele tot ontwikkeling van die menslike persoonlikheid as Gods hoogste doel nie. Die hoogste doel is die eer van God. Dit moet gesoek word sowel in ons persoonlike as in ons nasionale en ander lewensverbande. Dit is almal terreine waarin God verheerlik moet word.

Nasies word gesien op die nuwe aarde tot blywende gesondheid herbore (Openbaring 22:2). Die verdeeldheid van nasies en in nasies val daar weg, nie die verdeling van die mensheid in nasies nie; die geskeidenheid, nie die verskeidenheid nie. Daar kom die mensheid tot die bestemming waartoe dit moes ontwikkel as die sonde nie gekom het nie. Sonder hierdie einde is die geskiedenis 'n tragiek van nasies. Saamgevat leer Johannes dat ook in die triomferende Kerk die verskeidenheid nie wegval nie - in beginsel sien ons dit in die Kerk op aarde, volkome hierna. Die leidende beginsel in die Nuwe Testament is dat by die universele die partikuliere nooit uit die oog verloor word nie en omgekeerd. As hieraan gehoorsaam word, sal dit 'n getroue wegwysers wees aan die probleem van die rasseverhouding ...

Die verskeidenheid in die geskapene in die algemeen en in die mensheid

in besonder, moet besien word uit die oogpunt (a) dat God self dit handhaaf en (b) in soverre menslike verantwoordelikheid daarby betrokke is onder die voorsienige bestel van God.

Oor die oogpunt dat God verskeidenheid self handhaaf merk prof Snyman op:

- Die verskil onder mense van allerlei soort is hierdeur gekwalifiseer dat dit verskil van andersoortigheid tussen mens, dier en plant, selfs van die andersoortigheid tussen sekere diersoorte en plantsoorte, waar die moontlikheid van oorgange tussen die een en ander uitgesluit is, omdat die menslike geslag by al sy verskille homogeen is (Luk. 3:23-38; Hand. 17:26). Dit sluit die moontlikheid in van nuwe verskeidenhede in die ontplooiing van die menslike geslag, sonder dat die menswaardigheid daardeur aangetas word (vgl. by geslagsregister by Matthéus);

- *God handhaaf die veelsoortigheid onder mense veral deur taalverskille en verskillende woonplek (Hand. 17:26, wat die laaste betref). In 'n "veelrassige land" het een van die belangrikste faktore wat teen vermenging inwerk weggeval en vind dit plaas al is daar ander faktore wat dit bemoeilik en vertraag.*

Wat die sedelike en godsdienstige vraagstuk betref, skryf prof Snyman:

- *Onbetaamlikheid of ongepastheid van vermenging verminder na gelang van die aanpassing wat moontlik is selfs tussen die mees uiteenlopende kulture;*
- *deur die Goddelike verbod word die mensheid nêrens in die Skrif in twee (of meer) soorte verdeel op grond van natuurlike verskille nie; maar wel op grond van godsdienstige verskille (2 Kor. 6:14-18, vgl. Gen. 6:4) ook in soverre dit op nasies (Christelike en onchristelike) betrekking kan hê.*

Dit feit dat God in die Ou-Testamentiese bedeling 'n volk geroep het as draer van die besondere Openbaring het ook in die Nieu-

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria**

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Testamentiese bedeling nie sy betekenis verloor nie. Dit blyk daarin dat dit ook in die Nieu-Testamentiese bedeling nie bloot gaan om die redding van die individu (eie siel) nie, maar om die volk Israel en om die nasies (alle nasies), wat in hulle gelowiges gered word (Luk. 22:24; Rom. 9-11; Matt. 28:19; Openb. 21:24, 26. Vgl. o.a. Gen. 22:18; Jes. 66:12; Dan. 12:1). Dit blyk verder daarin dat die natuurlike samehange en gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) diensbaar bly: ekstensief, aan die ordelike verbreiding van die Evangelie, soos daaruit blyk dat Israel eerste aan die orde kom (Matt. 10:5, 6; Hand. 2:39a, 3:26) en dit moet gaan van volk tot volk tot aan die uiterste van die aarde (Luk. 24:47; Hand. 1:8); en intensief, vir die deurwerking van die Evangelie in alle samehange van die lewe (Christianisering daarvan), Ef. 3:8-10; Openb. 21:24, 26, sodat Christenvolke ontstaan naas heidense.

Die verskeidenheid van nasies (rasse) word ook daarin veronderstel en gehandhaaf dat die Evangelie gehoor en bely word in die moedertaal (Hand. 2:8, 11; Rom. 10:9, 10). So alleen word die hart bereik en die wysheid van God in sy menigvuldigheid deur die mond bely.

Oor die verband tussen eenheid en verskeidenheid skryf prof Snyman:

Die eenheid van die Kerk moet nie gesoek word in die plaaslike Kerk nie, wat hom voeg na samewoning en natuurlike samehange, maar in die noodsaaklike kerkverband, regionaal, nasionaal en ekumenies (oor nasionale en rassegrense heen). Dit kom verder uit in die heilige Doop, die sakrament van die universele Kerk, terwyl die heilige Nagmaal die sakrament van die plaaslike Kerk is, waar alleen die nodige toesig moontlik is. "Gemeenskaplike" Nagmaalsviering moet gesien word as uitsondering, waarby ook rekening gehou kan word met besondere landsomstandighede. Dit moet nie gebruik word as demonstrasie van die ekumeniese eenheid van die Kerk nie.

Wesenlik vir die sending ("gaan ... heen", Matt. 28:19) is die oordra van die evangelie deur die Kerk, soos dit tot openbaring gekom het onder een volk tot 'n ander volk in sy taal, wat beteken oorbrugging van grense sonder uitwissing daarvan.

Natuurlike gemeenskappe en samehange van die menslike geslag word nie deur die geestelike gemeenskap in Christus opgehef nie, maar met mekaar versoend deur verwydering van vreemde en vyandskap wat verskeidenheid tot

geskeidenheid gemaak het, en geheilig tot samewerking tot die hoogste doel, wat bestaan in die verheerliking van God.

Tussen natuurlike gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) en die geestelike gemeenskap (Kerk) bestaan daar 'n noue samehang, sodat dit nie teenoor mekaar staan nie (sektarisme), ook nie met mekaar saamval nie (volkskerk), maar so, dat in die uitverkorenes die menslike geslag in sy geslagte, volkere- en rasseverskeidenheid behou word (Matt. 3:9-12; Openb. 7:4 e.v., 9).

Liefde tot God sluit liefde in die verskillende menslike samehange nie uit nie, maar in, en bewaar dit vir verafgoding; so ook sluit die liefde tot die eie (familie, volk, ras) liefde tot die naaste (andere en andersoortige) nie uit nie en omgekeerd, asmede van Goddelike oorsprong en voorwerpe van sy liefde in Christus.

Terwyl dit kenmerkend is van die werke van God in die skepping en die herskepping volgens die Nuwe Testament, dat die eenheid en verskeidenheid steeds bewaar bly, is die kenmerkende van Babel die verabsoluttering van die besondere (volk of ras) en die vernietigende oplossing van die verskeidenheid in 'n gedwonge wêreldomvattende eenheid en eendersheid.

Anders as dr Schalekamp, benadruk prof Snyman die suiwer balans tussen eenheid en verskeidenheid. Op grond van die Skrif toon hy aan dat die balans alles te doen het met waardering van dit wat God aan elke volk gee in terme van tradisie, gawes, wyse van optrede. Dié waardering moet na binne (die eie volk), sowel as na buite (ander volke) gestalte vind. Eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die kerk wis nie Godgegewe verskeidenheid uit nie. God wil juis binne die verskeie en onderskeie rykdom van kulture verheerlik word.

Erkenning en beleving van eieheid mag nie tot sondige verdeeldheid of paternalisme (verhewenheid van die een bo die ander) lei nie – soos al so dikwels in die geskiedenis gebeur het. Erkenning en uitleef van die eieheid moet juis 'n stimulus wees om die krag van die evangelie uit te dra, ook op die sendingveld. Waar die kerk van Christus tot stand kom, moet daar diepgaande respek wees vir die volk onder wie dit tot stand kom, sodat elkeen 'in sy eie taal' God oor sy groot werke kan prys (Pinkster).